LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

INLIGTINGSTUK VIR OUERS
GRONDSLAGFASE

GESTIG 1922

INHOUDSOPGAWE:

1. Verwelkoming
2. Algemene Inligting
3. Klaswerk
4. Huiswerk
5. Wenke
6. Dissipline
7. Optrede van u kind by die skool
8. Kosblik
9. Skryfbehoeftes
10. Kommunikasie
11. Skoolklere
12. Rapport
13. Personeel
14. Belangrike kontakbesonderhede van die skool

1. VERWELKOMING

Baie welkom by Laerskool Volkskool!
Ons vertrou dat Graad 1 vir u en u kind 'n baie positiewe ervaring sal wees wat die basis sal vorm van 'n lang en gelukkige skoolloopbaan. Ons kan nie wag dat u deel vorm van ons Volkskool familie nie!

2. ALGEMENE INLIGTING

- Die skool begin vir leerders om 07:45 op die 1ste dag van 'n kwartaal.

- **Skooltye** is as volg:

Dae van week	Graad 1	Graad 2	Graad 3
Maandae	**07:45-12:30**	**07:45-12:45**	**07:45-13:30**
Dins- tot Donderdae	**07:15-12:30**	**07:15-12:45**	**07:15-13:30**
Vrydae	**07:15-12:30**	**07:15-12:45**	**07:15-13:00**

- Huis Eybers bied 'n **Nasorgdiens**, wat insluit 'n geballanseerde maaltyd en toesig en hulp met huiswerk. Hierdie fasiliteit is op die skoolgronde en daarom is die leerlinge op die perseel om skoolsport by te woon. Kontak gerus Mnr & mev Nieuwoudt by 049-8910 806 of die skoolkantoor vir verdere inligting rondom hierdie diens.

- Die skool beskik oor 'n **Hulpverleningsklas** wat addisionele akademiese hulp in skooltyd aan leerders bied indien dit deur die klasonderwyseres geïdentifiseer word.

- Die skool benodig u korrekte selfoonnommer aangesien elke klasgroep hul eie whatsapp-groep het waarop die skool inligting plaas. Indien u nommer verander moet u asseblief die skoolkantoor verwittig.

- Ons volg die KAV's onderrigmetode (CAPS) wat staan vir Kurrikulum en Assesseringsbeleid-verklarings. Dit behels in kort dat ons werk doen wat voorgeskryf word deur die Departement van Onderwys.

3. KLASWERK

Die Eerste Kwartaal:

Hersiening van Graad R- werk word die eerste twee weke van die eerste kwartaal gedoen.

Daar word daagliks probleemsituasies aan leerders gestel wat selfstandig opgelos moet word. Elke leerder werk teen sy/haar individuele vermoë en tempo. Daar word geleentheid geskep vir leerders om saam met ander leerders te werk. Aan die einde van die eerste kwartaal word 'n verslag huis toe gestuur vir u as ouer wat die vordering van u kind tydens die program aandui. Tydens die kwartaal sal u op hoogte gehou word van probleme wat u kind in sekere areas mag ondervind en ons pleit vir 'n nou samewerking tussen u as ouer en ons as personeel.

Lees

Die kind verwerf taal (en leer lees) met sy hele wese – gevoel, verbeelding, onderbewussyn en verstand (linker- en regterbrein). Al vier die fasette van taal, naamlik luister, praat, lees en skryf, is hier ter sprake.

Die kind kry woordlose boekies om te "lees" wat later opgevolg word deur boekies met woorde. Aanvanklik sal hy/sy die woordjies memoriseer, maar geleidelik herken hulle meer en meer woordjies tot hulle uiteindelik werklik kan lees. By die lees van die stories word die inhoud van die prente en die teks gebruik om te voorspel wat gaan gebeur, om die inhoud te bevestig en om die gebeure uit te brei.

Klanke
Ons begin sommer vroeg al met die bekendstelling en aanleer van klanke. Soos dit aangeleer word sal dit ook vervat word in eenvoudige huiswerkopdragte. Dit sal dan spoedig oorloop in die skryf van woorde en later sinne. U kan gerus woordspeletjies speel om dit uit te bou, soos bv. "Wat rym met kat / Wat begin op dieselfde manier as groot / Ek sien iets met my kleine ogies wat begin met…" Later skryf hulle spelwoorde wat tel vir hulle rapportpunt, maar dit sal aangedui word op hul weeklikse huiswerkbladsye.

Wiskunde
Vir die ontwikkeling van getalbegrip maak ons baie gebruik van probleemoplossing waarin die kind syfers op 'n pret manier ontdek. Leerders sal begin deur konkrete apparaat te gebruik, bv. tellers, knope en krale. Hy/sy sal 'n ruk nodig hê om met konkrete apparaat te werk, sal dan geleidelik oorbeweeg na die abstrakte. Telaktiwiteite is deurgaans 'n belangrike aspek. Speel gerus getalspeletjies soos bv. "Hoeveel wiele het ma en pa se kar saam / tel almal in die motor se ore, hande ens. saam. " Begrippe rondom tyd (vroeg, laat, oggend, voor, na, more, gister…) moet vir die leerders maklik en duidelik wees.

4. HUISWERK
U kind gaan regdeur die jaar 'n huiswerkbladsy kry wat die week se huiswerk duidelik uiteen sit. Daar is ook 'n kommentaar blok waarin die juffrouens belangrike inligting neerskryf vir die week wat Gr 1 spesifiek is. **U as ouer moet daagliks daarby teken.** U kind gaan ook van tyd tot tyd 'n klaswerkboek huis toe bring sodat u u kind se vordering kan dophou, teken asseblief by die laaste bladsy.

Rig asb.'n spesiale plekkie in waar u kind elke dag sy/haar huiswerk kan doen. Dit help kinders baie om 'n goeie roetine te kweek as hulle elke dag op dieselfde plek en tyd sit en werk.

Moedig u kind aan om so netjies as moontlik te werk, prentjies baie mooi uit te knip en te plak, te omlyn en in te kleur. Dit is egter belangriker dat elke poging raakgesien en waardeer moet word, as wat dit is dat alles perfek moet wees. Onthou asseblief dat u kind nog leer en groei. Moet daarom asseblief nie die onmoontlike van hom/haar verwag nie. Doen eerder elke dag 'n stukkie huiswerk, as wat u die hele week se huiswerk in een middag probeer afhandel. Buiten dat kinders verkeerdelik leer dat tuiswerk nie iets is wat hulle elke dag hoef te doen nie, is dit baie vermoeiend vir hulle. Dit maak jong kindertjies baie maklik negatief teenoor skool en huiswerk.

Sien asseblief toe dat u kind elke dag tuis lees, al ken hy/sy die les.

5. WENKE VIR GRAAD 1 OUERS
Eerste dag: U woon die saalbyeenkoms saam met u Gr 1'tjie by en wanneer die saal verdaag bly u en u kind(ers) agter. Dit is spesiaal as ma en pa hierdie eerste dag se saalverrigtinge kan bywoon. Die klasindeling geskied in die saal, waarna die kinders in 'n ry saam met hul onderskeie juffrouens na hul klas stap. U mag saam gaan in die klas en sien waar u kind sit en u kind groet.

Die eerste week stap die onderwyseresse saam met die kinders uit die klas na die voorste hek in Somersetstraat. Moet asseblief nie laat wees om u kind te kom haal nie, dit skep onnodige spanning.

Ons lig graag 'n paar aspekte uit:
Maak jou kind ***emosioneel*** gereed. Moet hulle nie bangmaak met stellings soos: "Wag tot jy in Graad 1 is…" nie, of hulle met die onderwyseres dreig nie. Hulle moet met vrymoedigheid skool toe wil kom en veilig voel by hulle juffrou.

Help jou kind om ***selfstandig*** te wees. Moedig u kind aan om sy/haar eie tas te dra en te pak. Moet nie vir hulle iets doen wat hulle self kan doen nie!

Wees ***konsekwent*** met dissipline, volg reëls en straf sodat hulle sekerheid het en geborge voel, maar stel duidelike grense. Dit help jou kind om in die klaskamer gedissiplineerd op te tree en opdragte uit te voer.

Sorg dat u kind 'n goeie ***nagrus*** kry. As 'n Graad 1 kind moeg is op 'n dag waartydens belangrike werk gedoen word en hy absorbeer nie die inligting nie, is hy daardie trappie op die leer kwyt! As die eerste trappie misgetrap is, is die tweede trappie net soveel hoër. **Dit geld ook vir onnodige afwesighede.**

Leer u kind om te ***luister***. Praat slegs een maal en moenie opdragte herhaal nie.

Leer hom/haar om ***gesag*** te aanvaar en te respekteer.

Kweek van die begin af 'n vaste ***roetine*** ten opsigte van slaaptyd, etenstyd, TV kyk en huiswerk doen. 'n Kind voel veilig in 'n roetine met dissipline. Staan betyds op sodat leerders rustig kan klaarmaak om sodoende spanning uit te skakel. Besorg leerders asb. betyds by die skool.

Stuur geld asb. altyd in 'n gemerkte koevert – geen los geld nie asb. en die korrekte bedrag asseblief.

Sorg dat u kind altyd presies weet wat die reëlings na skool met betrekking tot kom haal, sport, naskool-sentrums en ander aktiwiteite is.

Waak asb. teen 'n oorvol program vir u en u Graad 1 kind. Maak doelbewus tyd vir natuurlike en kreatiewe SPEEL.

6. DISSIPLINE

Kinders het grense nodig. Hulle voel veiliger en neig om te floreer as hulle weet dat daar grense bestaan. Hulle moet presies weet wat die reëls is en wie dit afdwing. Grense is hulle veiligheidsnet – dalk kry hulle dit nooit nodig nie, maar die veiligheid lê reeds daarin dat dit wel bestaan! Hulle mag dalk nie graag erken dat u die gesagspersoon is nie, maar hulle is tog gelukkig dat u wel is.

U sal die Dissiplinêre beleid volgende jaar ontvang maar aanvanklik is die volgende reëls vir Gr 1's belangrik:

- Bly stil in die rye
- Wees betyds vir skool
- Dra die korrekte skooldrag
- Luister en bly stil wanneer 'n meneer of juffrou met jou praat of met die skool praat tydens saal of met opening soggens in die vierkant.
- Daar is 'n prefek by elke ry vir dissipline in die vierkant – luister na die prefekte.

7. OPTREDE VAN U KIND BY DIE SKOOL

Aanvaar asb. dat u kind nie dieselfde by die skool as by die huis optree nie. Groepsdruk en maats se invloed speel 'n groot rol. Wanneer ons u kontak om 'n probleem te bespreek kan u maar luister – ons kontak u gewoonlik eers nadat die kind al 2 waarskuwings gehad het. Onthou altyd, 'n storie het twee kante. U hoor gewoonlik net een.

KDDS – REKENAARSTELSEL

Die skool maak gebruik van die KDDS-stelsel (Kweek Dissipline met Deernis) waar positiewe en negatiewe gedrag aangeteken word.

Inskrywings word deur onderwysers, op hul rekenaars of per selfoon, geregistreer en leerlinge word dan vasgestelde punte volgens die inskrywing toegeken. 'n Leerderverslag, wat aan ouers gestuur sal word, word uitgedruk indien die leerder 'n vasgestelde totaal in een van die kategorië bereik het. Die rekenaarstelsel vervang nie die skool se Gedragskode vir

Leerders nie. Dit is slegs 'n interne administratiewe program wat bydra tot die uitvoering van die gedragskode.

Die kategorië:

1. Karaktertoekenning (positief – leerders word beloon)
   5 punte – leerling ontvang 'n sertifikaat
   10 punte – leerling ontvang 'n sertifikaat en beloningsknoop. (Deur ouers oorhandig)
   20 tot 50 punte – leerling ontvang 'n sertifikaat en beloningsknoop. (Deur ouers oorhandig)

2. Korreksiepunte (Kategorie 1 oortredings – optredes verg regstellende aandag)
   10 punte – Ouers ontvang 'n verslag.
   20 punte – Ouers ontvang 'n verslag. Leerling sit detensie.
   30 punte – Ouers ontvang 'n verslag. Leerling sit detensie. Ouer moet 'n vergadering met die skoolhoof reël.
   40 punte – Ouers ontvang 'n verslag. Leerling sit detensie. Dissiplinêre vergadering. Hierna kan verdere oortredings tot 'n Dissiplinêre Verhoor lei.

3. Strafpunte (Kategorie 2 oortredings – verg regstellende optrede)
   5 punte – Ouers ontvang 'n verslag. Leerling sit detensie.
   10 punte – Ouers ontvang 'n verslag. Leerling sit detensie. Ouer moet 'n vergadering met die skoolhoof reël.
   Hierna kan verdere oortredings tot 'n Dissiplinêre Vergadering / Verhoor lei.

4. Krisispunte (Kategorie 3 oortredings -optredes wat ernstig aangespreek moet word)
   2 punte – Ouers ontvang 'n verslag. Leerling sit detensie. Ouer moet 'n vergadering met die skoolhoof reël.
   Hierna kan verdere oortredings tot 'n Dissiplinêre Vergadering / Verhoor lei.

8. KOSBLIK

Maak seker dat u kind elke dag 'n kosblik skool toe bring en water en/of koeldrank. Daar is 'n skoolsnoepie wat tydens pouses daagliks oop is.

9. SKRYFBEHOEFTES

Vind aangeheg die lys van skool **skryfbehoeftes benodigdhede** vir Graad 1's wat asseblief op die eerste skooldag skool toe gestuur moet word (duidelik gemerk) in die pakket.

Kontroleer en vra asb. gereeld of u kind nog genoeg potlode, inkleurpotlode, gom of 'n liniaal het. Sonder skryfbehoeftes is dit onmoontlik om die dag in die klas te werk.

10. KOMMUNIKASIE

Kyk daagliks vir belangrike inligtingstukke in u kind se tas en stuur antwoordstrokies so gou as moontlik terug. Inligtingstukke word altyd in u kind se koevert geplaas vir maklike uitkenning en sodat dit nie verlore gaan nie.

Lees asseblief alle briewe. Die skool se algemene nuusbrief word gewoonlik op **Vrydae** op die klasgroepe geplaas.

11. SKOOLKLERE

Die skoolklere is by Nommerpas te Kerkstraat beskikbaar.

Raadpleeg die Prospektus: 'n foto van die verskillende soorte drag vir sport en skool word daarin vervat.

Skoolsweetpak: Mag slegs gedra word tydens sportbyeenkomste en in die winter op LO dae.

12. RAPPORTE

U kind sal aan die einde van 'n kwartaal sy/haar rapport ontvang – dit sal per Nuusbrief aan u gekommunikeer word. U sal saam met die rapport 'n brief ontvang van die klasonderwyseres indien sy u wil spreek oor enige rapport kwessie of area van bekommernis tydens die oueraand of -oggend. Daar is 'n Oueraand en Oueroggend (meestal vir plaasouers) tydens elke kwartaal. Die eerste ouer inligtingssessie is die belangrikste en vind vroeg in die nuwe jaar plaas. U sal ingelig word oor die datum wat hiervoor geskeduleer is. Tydens hierdie eerste oueraand ontmoet u die onderwyseres en word waardevolle huiswerk wenke aan u gegee om sodoende u kind optimaal tuis te help.

U kan wel reg deur die jaar kontak maak met die klasonderwyseres en gereeld kommunikeer!

13. PERSONEEL

Ons skool het twee Graad 1 klasse:
Mev Gerida Caricato – Gr 1.1
Mev Cindy Marincowitz – Gr 1.2

14. BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE VAN DIE SKOOL

Fisiese adres: Somersetstraat, Graaff-Reinet
Posadres: Posbus 253, Graaff-Reinet, 6280
Telefoonnommer: 049-891 0803

E-pos adres van die Beheerliggaam: Mev. L Luiters: lvsbl1820@gmail.com
E-pos adres van die kantoor: Mev. Brenda Fourie: admin@laervolkskool.org
E-pos adres van die Finans kantoor: Mev. Aletta Olivier: finansies@laervolkskool.org
E-pos adres van die Debiteure klerk: Mev. Liezél Luiters: debiteure@laervolkskool.org
E-pos adres van die hoof: Mnr. Deon Joubert: hoof@laervolkskool.org
Webblad: www.laervolkskool.org

Ons wil u regtig aanmoedig om gereeld met ons te kommunikeer! Ons is saam deel van die Volkskool familie wat hierdie die beste Laerskool wil maak tot die voordeel van elke leerling in Volkskool.